# REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 399

CAPE TOWN, 11 SEPTEMBER 1998

KAAPSTAD, 11 SEPTEMBER 1998

No. 19257


OFFICE OF THE PRESIDENT

No. 1163. 11 September 1998

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 46 of 1998: Administrative Adjudication of Road Traffic Offences Act, 1998.

KANTOOR VAN DIE PRESIDENT

No. 1163. 11 September 1998

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 46 van 1998: Wet op die Administratiewe Beregting van Padverkeersmisdrywe, 1998.

# ACT

**To promote road traffic quality by providing for a scheme to discourage road traffic contraventions, to facilitate the adjudication of road traffic infringements, to support the prosecution of offences in terms of the national and provincial laws relating to road traffic, and implement a points demerit system; to provide for the establishment of an agency to administer the scheme; to provide for the establishment of a board to represent the agency; and to provide for matters connected therewith.**

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 9 September 1998.)*

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**CONTENTS OF ACT**

**Section**


**CHAPTER I**

***Interpretation of Act***

1. Definitions
2. Objects of Act

**CHAPTER II**

***Road Traffic Infringement Agency***

3. Establishment of agency
4. Objects and functions of agency
5. Subcontracting
6. Road Traffic Infringement Agency Board
7. Functions of board
8. Appointment of registrar
9. Appointment of deputy registrars
10. Appointment of representations officers
11. Administrative staff and remuneration
12. Appointment of sheriffs
13. Financing of agency
14. Bookkeeping, auditing and reporting
15. Banking account
16. Limitation of liability

**CHAPTER III**

***Adjudication procedure***

17. Infringement notice
18. Representations
19. Courtesy letter
20. Enforcement order
21. Warrant

# WET

**Om die kwaliteit van padverkeer te bevorder deur voorsiening te maak vir 'n skema om padverkeersoortredings te ontmoedig, om die beregting van padverkeersoortredings te vergemaklik, om die vervolging weens misdrywe ingevolge die nasionale en provinsiale wette met betrekking tot padverkeer te ondersteun, en 'n strafpuntstelsel te implementeer; om voorsiening te maak vir die instelling van 'n agentskap om die skema te administreer; om voorsiening te maak vir die instelling van 'n raad om die agentskap te verteenwoordig; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 9 September 1998.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

## INHOUD VAN WET

**Artikel**

### HOOFSTUK I

*Uitleg van Wet*

1. Woordomskrywing
2. Oogmerke van Wet

### HOOFSTUK II

***Padverkeersoortredingsagentskap***

3. Instelling van agentskap
4. Oogmerke en werksaamhede van agentskap
5. Subkontraktering
6. Padverkeersoortredingsagentskapsraad
7. Werksaamhede van raad
8. Aanstelling van registrateur
9. Aanstelling van adjunkregistrateurs
10. Aanstelling van vertoë-beamptes
11. Administratiewe personeel en vergoeding
12. Aanstelling van balju's
13. Finansiering van agentskap
14. Boekhouding, ouditering en rapportering
15. Bankrekening
16. Beperking van aanspreeklikheid

### HOOFSTUK III

***Beregtingsprosedure***

17. Oortredingskennisgewing
18. Vertoë
19. Hoflikheidsbrief
20. Dwangbevel
21. Lasbrief

22. Trial
23. Simultaneous commission of offence and infringement

CHAPTER IV

*Points demerit system*

24. Points demerit system
25. Prohibition on driving or operating motor vehicle
26. Notification
27. Cancellation of driving licence, professional driving permit and operator card
28. Reduction of demerit points
29. Categorisation of offences, infringements and demerit points

CHAPTER V

*General matters*

30. Service of documents
31. Penalties
32. Apportionment of penalties
33. Access to information
34. Regulations
35. Transitional provisions
36. Short title and commencement

## CHAPTER I

### *Interpretation of Act*

**Definitions**

**1.** In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "acceptable identification" means—

*(a)* a temporary identity certificate or an identity document issued in terms of the Identification Act, 1986 (Act No. 72 of 1986);

*(b)* a passport issued in terms of the South African Passports and Travel Documents Act, 1994 (Act No. 4 of 1994);

*(c)* in the case of a person not permanently resident in the Republic, an identity document issued by a foreign country or a traffic register number certificate;

*(d)* in the case of—

(i) a company, a certificate of incorporation or name change issued in terms of the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973); or

(ii) a close corporation, a founding statement or a certificate of name change issued in terms of the Close Corporations Act, 1984 (Act No. 69 of 1984);

*(e)* a traffic register number certificate issued in terms of any national or provincial Road Traffic Act, in the case of—

(i) a person carrying on a business which, for the purpose of this definition, includes farming activities; or

(ii) a body of persons not referred to in paragraph *(c)*; or

*(f)* a photocopy of the applicable certificate or document referred to in paragraphs *(a)* to *(e)*;

(ii) "agency" means the Road Traffic Infringement Agency, established by section 3;

(iii) "authorised officer" means—

*(a)* a traffic officer or a traffic warden appointed in terms of the laws of any province;

*(b)* a member of the service as defined in section 1 of the South African Police Service Act, 1995 (Act No. 68 of 1995);

*(c)* a national road transport inspector appointed in terms of section 37(1) of the Cross-Border Road Transport Act, 1998 (Act No. 4 of 1998), or any duly appointed provincial road transport inspector; or

*(d)* a municipal police officer appointed under any law;

22. Verhoor
23. Gelyktydige pleging van misdryf en oortreding

## HOOFSTUK IV

### *Strafpuntstelsel*

24. Strafpuntstelsel
25. Verbod op bestuur of gebruik van motorvoertuig
26. Kennisgewing
27. Kansellering van bestuurslisensie, professionele bestuurspermit en operateurskaart
28. Vermindering van strafpunte
29. Kategorisering van misdrywe, oortredings en strafpunte

## HOOFSTUK V

### *Algemene aangeleenthede*

30. Betekening van dokumente
31. Boetes
32. Toedeling van boetes
33. Toegang tot inligting
34. Regulasies
35. Oorgangsbepalings
36. Kort titel en inwerkingtreding

## HOOFSTUK I

### *Uitleg van Wet*

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "aanvaarbare identifikasie"—

*(a)* 'n tydelike identiteitsertifikaat of 'n identiteitsdokument wat ingevolge die Wet op Identifikasie, 1986 (Wet No. 72 van 1986), uitgereik is;

*(b)* 'n paspoort wat ingevolge die Wet op Suid-Afrikaanse Paspoorte en Reisdokumente, 1994 (Wet No. 4 van 1994), uitgereik is;

*(c)* in die geval van 'n persoon wat nie permanent in die Republiek woonagtig is nie, 'n identiteitsdokument wat deur 'n vreemde land uitgereik is of 'n verkeersregisternommersertifikaat;

*(d)* in die geval van—

(i) 'n maatskappy, 'n sertifikaat van inlywing of naamsverandering wat ingevolge die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), uitgereik is; of

(ii) 'n beslote korporasie, 'n stigtingsverklaring of 'n sertifikaat van naamsverandering wat ingevolge die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet No. 69 van 1984), uitgereik is;

*(e)* 'n verkeersregisternommersertifikaat, uitgereik ingevolge nasionale of provinsiale padverkeerswette, in die geval van—

(i) 'n persoon wat 'n besigheid bedryf wat, vir die doeleindes van hierdie omskrywing, boerderybedrywighede insluit; of

(ii) 'n liggaam van persone wat nie in paragraaf *(c)* bedoel word nie; of

*(f)* 'n fotostaat van die toepaslike sertifikaat of dokument bedoel in paragrawe *(a)* tot *(e)*;

(ii) "agentskap" die Padverkeeroortredingsagentskap, ingestel by artikel 3;

(iii) "balju" 'n balju aangestel kragtens artikel 12;

(iv) "boete" die administratiewe boete wat vir 'n oortreding betaalbaar is soos beoog in artikel 31;

(v) "datum van betekening" die datum waarop 'n oortreder geteken het vir die betrokke dokument wat kragtens artikel 30 op hom of haar beteken is;

(iv) "board" means the Road Traffic Infringement Agency Board, established by section 6;

(v) "courtesy letter" means a courtesy letter contemplated in section 19;

(vi) "date of service" means the date on which an infringer has signed for the relevant document served on him or her under section 30;

(vii) "demerit points" means demerit points contemplated in section 24;

(viii) "Director-General" means the Director-General of the national Department of Transport;

(ix) "disqualification period" means the period contemplated in section 25 during which a person is disqualified from driving or operating a motor vehicle or applying for a learner's licence, driving licence, professional driving permit or operator card;

(x) "enforcement order" means an enforcement order contemplated in section 20;

(xi) "infringement" means a major or a minor infringement;

(xii) "infringement notice" means an infringement notice contemplated in section 17;

(xiii) "infringer" means a person who has allegedly committed an infringement;

(xiv) "issuing authority" means—

*(a)* a local authority contemplated in Chapter 7 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 (Act No. 108 of 1996), the Local Government Transition Act, 1993 (Act No. 209 of 1993), or any other applicable law; or

*(b)* a provincial administration,

in so far as such authority or administration is responsible for traffic matters in its area of jurisdiction;

(xv) "major infringement" means an offence categorised as a major infringement under section 29*(a)*;

(xvi) "MEC" means a member of an Executive Council of a province appointed in terms of section 132 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 (Act No. 108 of 1996), and who is responsible for road traffic matters;

(xvii) "Minister" means the Minister of Transport;

(xviii) "minor infringement" means an offence categorised as a minor infringement under section 29*(a)*;

(xix) "national contraventions register" means the National Traffic Information System on which the offence details of every individual are recorded in terms of this Act;

(xx) "offence" means an offence prescribed under section 29*(a)*;

(xxi) "penalty" means the administrative penalty payable for an infringement as contemplated in section 31;

(xxii) "prescribed" means prescribed by regulation by the Minister under section 34;

(xxiii) "sheriff" means a sheriff appointed under section 12; and

(xxiv) "this Act" includes any regulation made in terms of section 34.

**Objects of Act**

**2.** The objects of this Act are, despite the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977)—

*(a)* to encourage compliance with the national and provincial laws relating to road traffic and to promote road traffic safety;

*(b)* to encourage the payment of penalties imposed for infringements and to allow alleged minor infringers to make representations;

*(c)* to establish a procedure for the effective and expeditious adjudication of infringements;

*(d)* to alleviate the burden on the courts of trying offenders for infringements;

*(e)* to penalise drivers and operators who are guilty of infringements or offences through the imposition of demerit points leading to the suspension and cancellation of driving licences, professional driving permits or operator cards;

*(f)* to reward law-abiding behaviour by reducing demerit points imposed if infringements or offences are not committed over specified periods;

(vi) "Direkteur-generaal" die Direkteur-generaal van die nasionale Departement van Vervoer;

(vii) "diskwalifiseringstydperk" die tydperk beoog in artikel 25 waartydens 'n persoon gediskwalifiseer is om 'n motorvoertuig te bestuur of te bedryf as operateur of om aansoek te doen om 'n leerlinglisensie, bestuurslisensie, professionele bestuurspermit of operateurskaart;

(viii) "dwangbevel" 'n dwangbevel beoog in artikel 20;

(ix) "gemagtigde beampte"—

*(a)* 'n verkeersbeampte of 'n verkeersopsigter wat ingevolge die wette van enige provinsie aangestel is;

*(b)* 'n lid van die diens soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995);

*(c)* 'n nasionale padvervoerinspekteur aangestel ingevolge artikel 37(1) van die Wet op Oorgrenspadvervoer, 1998 (Wet No. 4 van 1998), of enige behoorlik aangestelde provinsiale padvervoerinspekteur; of

*(d)* 'n munisipale polisiebeampte wat kragtens enige wet aangestel is;

(x) "groter oortreding" 'n misdryf wat kragtens artikel 29*(a)* as 'n groter oortreding gekategoriseer is;

(xi) "hierdie Wet" ook enige regulasie uitgevaardig ingevolge artikel 34;

(xii) "hoflikheidsbrief" 'n hoflikheidsbrief beoog in artikel 19;

(xiii) "kleiner oortreding" 'n misdryf wat kragtens artikel 29*(a)* as 'n kleiner oortreding gekategoriseer is;

(xiv) "LUR" 'n lid van 'n Uitvoerende Raad van 'n provinsie wat ingevolge artikel 132 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 108 van 1996), aangestel is en wat verantwoordelik is vir padverkeersaangeleenthede;

(xv) "Minister" die Minister van Vervoer;

(xvi) "misdryf" 'n misdryf wat kragtens artikel 29*(a)* voorgeskryf is;

(xvii) "nasionale oortredingsregister" die Nasionale Verkeersinligtingstelsel waarin die misdryfbesonderhede van elke individu ingevolge hierdie Wet aangeteken is;

(xviii) "oortreder" 'n persoon wat na bewering 'n oortreding gepleeg het;

(xix) "oortreding" 'n groter of 'n kleiner oortreding;

(xx) "oortredingskennisgewing" 'n oortredingskennisgewing beoog in artikel 17;

(xxi) "raad" die Padverkeeroortredingsagentskapsraad, wat by artikel 6 ingestel is;

(xxii) "strafpunte" strafpunte beoog in artikel 24;

(xxiii) "uitreikingsgesag"—

*(a)* 'n plaaslike owerheid beoog in Hoofstuk 7 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 108 van 1996), die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No. 209 van 1993), of enige ander toepaslike wet; of

*(b)* 'n provinsiale administrasie,

vir sover sodanige owerheid of administrasie verantwoordelik is vir verkeersaangeleenthede in sy regsgebied; en

(xxiv) "voorgeskryf" deur die Minister by regulasie voorgeskryf kragtens artikel 34.

**Oogmerke van Wet**

**2.** Die oogmerke van hierdie Wet is, ondanks die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), om—

*(a)* nakoming van die nasionale en provinsiale wette met betrekking tot padverkeer aan te moedig en om padverkeersveiligheid te bevorder;

*(b)* die betaling van boetes wat vir oortredings opgelê is, aan te moedig, en om beweerde kleiner oortreders toe te laat om vertoë te rig;

*(c)* 'n prosedure in te stel vir die doeltreffende en spoedige beregting van oortredings;

*(d)* die las op die howe om oortreders weens oortredings te verhoor, te verlig;

*(e)* bestuurders en operateurs wat skuldig is aan oortredings of misdrywe te straf deur die oplegging van strafpunte wat lei tot die opskorting en kansellering van bestuurslisensies, professionele bestuurspermitte of operateurskaarte;

*(f)* wetsgehoorsame gedrag te beloon deur strafpunte wat opgelê is te verminder indien oortredings of misdrywe gedurende spesifieke tydperke nie gepleeg word nie;

(g) to establish an agency to support the law enforcement and judicial authorities and to undertake the administrative adjudication process; and
(h) to strengthen co-operation between the prosecuting and law enforcement authorities by establishing a board to govern the agency.

## CHAPTER II

*Road Traffic Infringement Agency*

**Establishment of agency**

**3.** (1) The Road Traffic Infringement Agency is hereby established as a juristic person responsible to the Minister.

(2) *(a)* The agency may do anything that is necessary to perform its functions in terms of any law, or assigned to it by the Minister.

*(b)* The Minister may, on request of an issuing authority, assign any function vested in such issuing authority in terms of this Act, to the agency.

(3) The agency must establish one national office, and may establish suboffices at provincial or municipal level.

**Objects and functions of agency**

**4.** (1) The objects of the agency are, despite the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977)—

*(a)* to administer a procedure to discourage the contravention of road traffic laws and to support the adjudication of infringements as set out in subsection (2);
*(b)* to enforce penalties imposed against persons contravening road traffic laws as set out in subsection (3);
*(c)* to provide specialised prosecution support services as set out in subsection (4); and
*(d)* to undertake community education and community awareness programmes in order to ensure that individuals understand their rights and options as set out in subsection (5).

(2) The agency performs its functions in terms of subsection (1)*(a)* by—

*(a)* receiving notices from any issuing authority if an infringer has failed to comply with an infringement notice issued in terms of section 17;
*(b)* considering representations from an infringer in terms of section 18 with regard to an infringement notice relating to a minor infringement;
*(c)* issuing a courtesy letter in terms of section 19 to an infringer who has failed to comply with an infringement notice;
*(d)* issuing an enforcement order in terms of section 20 against an infringer who has failed to comply with the requirements of a notification contemplated in section 18(7) or a courtesy letter contemplated in section 19(2)*(b)*, or who has failed to appear in court under the circumstances contemplated in section 22(3);
*(e)* issuing a warrant in terms of section 21 against an infringer who has failed to comply with an enforcement order;
*(f)* revoking an enforcement order in terms of section 20(9); and
*(g)* updating the national contraventions register in the prescribed manner.

(3) The agency performs its functions in terms of subsection (1)*(b)* by—

*(a)* serving a courtesy letter in terms of section 19 on an infringer who has failed to comply with an infringement notice;
*(b)* serving an enforcement order in terms of section 20 on an infringer who has failed to comply with the requirements of a notification contemplated in section 18(7) or a courtesy letter contemplated in section 19(2)*(b)*, or failed to appear in court under the circumstances contemplated in section 22(3); and
*(c)* executing a warrant in terms of section 21 against an infringer who has failed to comply with an enforcement order.

(4) The agency performs its functions in terms of subsection (1)*(c)* by—

*(a)* assisting the prosecuting authorities to get persons who committed offences before the courts through serving of documents and keeping of records on its database;
*(b)* providing traffic law enforcement equipment and support services to issuing authorities;

(*g*) 'n agentskap in te stel om wetstoepassings- en geregtelike owerhede te ondersteun, en om die administratiewe beregtingsproses te onderneem; en

(*h*) samewerking tussen die vervolgings- en wetstoepassingsowerhede te versterk deur die instelling van 'n raad om die agentskap te bestuur.

## HOOFSTUK II

### *Padverkeeroortredingsagentskap*

**Instelling van agentskap**

**3.** (1) Die Padverkeeroortredingsagentskap word hierby ingestel as 'n regspersoon wat aan die Minister verantwoordelik is.

(2) (*a*) Die agentskap kan enigiets doen wat nodig is om sy werksaamhede te verrig ingevolge enige wet, of deur die Minister aan hom opgedra.

(*b*) Die Minister kan, op versoek van 'n uitreikingsgesag, enige werksaamheid wat kragtens hierdie Wet in daardie uitreikingsgesag gevestig is, aan die agentskap opdra.

(3) Die agentskap moet een nasionale kantoor instel, en kan subkantore op provinsiale of munisipale vlak instel.

**Oogmerke en werksaamhede van agentskap**

**4.** (1) Die oogmerke van die agentskap is, ondanks die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977)—

(*a*) om 'n prosedure te administreer om die oortreding van padverkeerswette te ontmoedig, en om die beregting van oortredings te ondersteun, soos uiteengesit in subartikel (2);

(*b*) om boetes af te dwing wat aan persone opgelê is wat padverkeerswette oortree, soos uiteengesit in subartikel (3);

(*c*) om gespesialiseerde ondersteuningsdienste vir vervolging te voorsien, soos uiteengesit in subartikel (4); en

(*d*) om programme vir gemeenskapsopvoeding en gemeenskapsbewustheid te onderneem om te verseker dat individue hul regte en keuses verstaan, soos uiteengesit in subartikel (5).

(2) Die agentskap onderneem sy werksaamhede ingevolge subartikel (1)(*a*) deur—

(*a*) kennisgewings van enige uitreikingsgesag te ontvang indien 'n oortreder versuim het om aan 'n oortredingskennisgewing te voldoen wat ingevolge artikel 17 uitgereik is;

(*b*) vertoë van 'n oortreder ingevolge artikel 18 te oorweeg aangaande 'n oortredingskennisgewing met betrekking tot 'n kleiner oortreding;

(*c*) 'n hoflikheidsbrief ingevolge artikel 19 uit te reik aan 'n oortreder wat versuim het om aan 'n oortredingskennisgewing te voldoen;

(*d*) 'n dwangbevel ingevolge artikel 20 uit te reik teen 'n oortreder wat versuim het om te voldoen aan die vereistes van 'n kennisgewing beoog in artikel 18(7) of 'n hoflikheidsbrief beoog in artikel 19(2)(*b*), of wat versuim het om in die hof te verskyn onder die omstandighede in artikel 22(3) beoog;

(*e*) 'n lasbrief ingevolge artikel 21 uit te reik teen 'n oortreder wat versuim het om aan 'n dwangbevel te voldoen;

(*f*) 'n dwangbevel ingevolge artikel 20(9) te herroep; en

(*g*) die nasionale oortredingsregister op te dateer op die voorgeskrewe wyse.

(3) Die agentskap verrig sy werksaamhede ingevolge subartikel (1)(*b*) deur—

(*a*) 'n hoflikheidsbrief ingevolge artikel 19 te beteken op 'n oortreder wat versuim het om aan 'n oortredingskennisgewing te voldoen;

(*b*) 'n dwangbevel ingevolge artikel 20 te beteken op 'n oortreder wat versuim het om te voldoen aan die vereistes van 'n kennisgewing beoog in artikel 18(7) of 'n hoflikheidsbrief beoog in artikel 19(2)(*b*), of versuim het om in die hof te verskyn onder die omstandighede beoog in artikel 22(3); en

(*c*) 'n lasbrief uit te voer ingevolge artikel 21 teen 'n oortreder wat versuim het om aan 'n dwangbevel te voldoen.

(4) Die agentskap verrig sy werksaamhede ingevolge subartikel (1)(*c*) deur—

(*a*) die vervolgingsowerhede te help om persone wat misdrywe gepleeg het voor die howe te kry deur die betekening van dokumente en die hou van aantekeninge op sy databasis;

(*b*) toerusting vir verkeerswetstoepassing en ondersteuningsdienste aan 'n uitreikingsgesag te voorsien;

*(c)* providing, at the request of the Office of a Director of Public Prosecutions, a person to testify as an expert witness in a trial on a charge relating to an offence; and

*(d)* providing training, where possible, to authorised officers or staff of the prosecuting authority.

(5) The agency performs its functions in terms of subsection (1)*(d)* by—

*(a)* disseminating information regarding the role and functions of the agency, and the rights enjoyed by individuals, in terms of this Act;

*(b)* applying efficient and equitable procedures to encourage compliance with this Act and fostering law abiding behaviour by road users; and

*(c)* supporting road safety awareness programmes.

(6) The agency must, in order to properly perform its functions, establish the prescribed information management system and database which is connected with the national contraventions register, and utilise such database to create, process and maintain records with regard to any action performed by it in terms of this Act.

**Subcontracting**

**5.** (1) The agency may, subject to the business plan approved by the board, appoint agents, or contract with any person, to perform any function vested in it in terms of this Act or any other law.

(2) The prescribed procedures must be followed in respect of any contract contemplated in subsection (1).

**Road Traffic Infringement Agency Board**

**6.** (1) A Road Traffic Infringement Agency Board, to represent and control the agency, is hereby established, comprising—

*(a)* three persons, who are not employed by the State, appointed by the Minister on account of their commercial and technical expertise;

*(b)* a Director of Public Prosecutions, nominated by the National Director of Public Prosecutions, in consultation with the Directors of Public Prosecutions; and

*(c)* the registrar of the agency.

(2) The Minister must, prior to appointing the members contemplated in subsection (1)*(a)*, publish the names of the persons proposed to be appointed as such members in the *Gazette* and invite comment on the suitability of such members for appointment.

(3) The members of the board contemplated in subsection (1)*(a)* hold office for a period not exceeding five years, whereafter they may be reappointed.

(4) A member of the board contemplated in subsection (1)*(a)*, must vacate his or her office—

*(a)* upon expiry of his or her term of appointment;

*(b)* if he or she is incapacitated by physical or mental illness;

*(c)* if his or her estate is sequestrated; or

*(d)* if he or she is nominated as a candidate for election as a member of Parliament, a provincial legislature or the council of a local authority.

(5) The Minister may remove a member of the board contemplated in subsection (1)*(a)* from office if such member—

*(a)* fails to perform his or her duties diligently or efficiently;

*(b)* is unable to perform his or her duties because of mental illness or disability; or

*(c)* has been absent without the permission of the chairperson from two consecutive meetings of the board, without good reason.

(6) The members of the board contemplated in subsection (1)*(a)* may resign on one month's written notice to the Minister.

(7) The Minister appoints a member of the board contemplated in subsection (1)*(a)* or *(b)* as the chairperson.

(8) The board meets at least twice per year or as often as may be required.

(9) The board determines its own procedures for meetings and decisions and may, in

(*c*) op versoek van die kantoor van 'n Direkteur van Openbare Vervolgings, 'n persoon te voorsien om as 'n deskundige getuie te getuig in 'n verhoor op 'n aanklag met betrekking tot 'n misdryf; en

(*d*) opleiding, waar moontlik, te voorsien aan gemagtigde beamptes of personeel van die vervolgingsowerheid.

(5) Die agentskap verrig sy werksaamhede ingevolge subartikel (1)*(d)* deur—

(*a*) inligting te versprei oor die rol en werksaamhede van die agentskap, en die regte wat deur individue geniet word, ingevolge hierdie Wet;

(*b*) doeltreffende en billike prosedures toe te pas om nakoming van hierdie Wet aan te moedig en wetsgehoorsame gedrag by padgebruikers te kweek; en

(*c*) programme vir padveiligheidsbewustheid te ondersteun.

(6) Om sy werksaamhede behoorlik te verrig, moet die agentskap die voorgeskrewe inligtingsbestuurstelsel en databasis instel wat verbind is met die nasionale oortredingsregister, en dié databasis gebruik om aantekeninge met betrekking tot enige handeling wat ingevolge hierdie Wet deur die agentskap verrig is, te skep, te prosesseer en in stand te hou.

**Subkontraktering**

**5.** (1) Die agentskap kan, onderworpe aan die besigheidsplan wat deur die raad goedgekeur is, agente aanstel, of met enige persoon kontrakteer, om enige werksaamheid te verrig wat ingevolge hierdie Wet of enige ander wet in hom vestig.

(2) Die voorgeskrewe prosedures moet ten opsigte van enige kontrak beoog in subartikel (1) gevolg word.

**Padverkeeroortredingsagentskapsraad**

**6.** (1) 'n Padverkeeroortredingsagentskapsraad word hierby ingestel om die agentskap te verteenwoordig en te beheer, en dit bestaan uit—

(*a*) drie persone, wat nie in diens van die Staat is nie, aangestel deur die Minister op grond van hul kommersiële en tegniese kundigheid;

(*b*) 'n Direkteur van Openbare Vervolgings benoem deur die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings in oorleg met die Direkteure van Openbare Vervolgings; en

(*c*) die registrateur van die agentskap.

(2) Die Minister moet, voordat die lede beoog in subartikel (1)*(a)* aangestel word, die name van die persone wat voorgestel word om as sodanige lede aangestel te word, in die *Staatskoerant* publiseer en kommentaar aanvra oor die geskiktheid vir aanstelling van sodanige lede.

(3) Die lede van die raad beoog in subartikel (1)*(a)* moet hul amp behou vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar, waarna hulle heraangestel kan word.

(4) 'n Lid van die raad beoog in subartikel (1)*(a)*, moet sy of haar amp ontruim indien—

(*a*) sy of haar termyn van aanstelling verstryk;

(*b*) hy of sy weens 'n fisiese of geestesgebrek ongeskik verklaar is;

(*c*) hy of sy insolvent verklaar is; of

(*d*) hy of sy benoem word as kandidaat vir verkiesing as lid van die Parlement, 'n provinsiale wetgewer of die raad van 'n plaaslike owerheid.

(5) Die Minister kan enige van die lede van die raad beoog in subartikel (1)*(a)* uit hul amp verwyder indien sodanige lede—

(*a*) versuim om hul plig sorgvuldig of doeltreffend te verrig;

(*b*) nie in staat is om hul pligte te verrig as gevolg van geestesgebrek of ongeskiktheid; of

(*c*) sonder 'n geldige rede van twee opeenvolgende vergaderings van die raad sonder verlof van die voorsitter afwesig is.

(6) Die lede van die raad beoog in subartikel (1)*(a)*, kan hul amp ontruim deur een maand skriftelike kennis te gee aan die Minister.

(7) Die Minister stel een van die lede van die raad beoog in subartikels (1)*(a)* of *(b)* aan as voorsitter.

(8) Die raad vergader minstens twee keer per jaar of so dikwels as wat vereis mag word.

(9) Die raad kan sy eie prosedures vir vergaderings en besluite bepaal en kan in die

the absence of a chairperson, elect a member contemplated in subsection (1)*(a)* or *(b)* as acting chairperson.

(10) Members of the board who are not in the full-time employment of the State may be paid such remuneration and allowances as may be determined by the Minister in consultation with the Minister of Finance.

**Functions of board**

**7.** (1) The functions of the board are—

*(a)* to approve the business plan prepared by the registrar in terms of section 8(2), and monitor the efficient and effective operation of the agency;
*(b)* to monitor the success achieved by the agency in promoting compliance with road traffic laws;
*(c)* to receive annual reports contemplated in section 8(4), and to advise the registrar on measures to be taken to improve the agency's effectiveness;
*(d)* to advise the Minister regarding amendments to this Act or any other road traffic legislation in order to improve the effectiveness of the agency;
*(e)* to identify and recommend institutional, technical and logistical support which the agency may provide to assist the prosecution of road traffic offenders and the adjudication of offences by the courts; and
*(f)* to consider any other matter which the board deems advisable in order to achieve the objects of this Act.

(2) The board must annually submit a report on the activities of the agency to the Minister for tabling in Parliament.

**Appointment of registrar**

**8.** (1) The members of the board referred to in section 6(1)*(a)* and *(b)* must appoint a person with proven expertise in corporate and financial management as the registrar of the agency.

(2) The registrar oversees the functions of the agency in accordance with a business plan prepared by the registrar and approved by the board, and in particular—

*(a)* the efficiency of penalty collection and supporting administrative procedures;
*(b)* the operational and organisational functioning of the agency; and
*(c)* the introduction of managerial and operational improvements to facilitate the implementation of this Act.

(3) The registrar may, in writing, assign a function contemplated in subsection (2) to a deputy registrar or deputy registrars.

(4) The registrar must annually submit a report concerning the activities and operations of the agency to the board.

**Appointment of deputy registrars**

**9.** (1) The board may appoint not more than twenty five persons as deputy registrars.

(2) No person may be appointed as a deputy registrar unless that person—

*(a)* has occupied a post of magistrate under the Magistrates Act, 1993 (Act No. 90 of 1993), or a post of senior prosecutor, for an uninterrupted period of at least five years; or
*(b)* has a tertiary qualification in financial or information management and at least three years appropriate experience.

**Appointment of representations officers**

**10.** (1) The registrar may, subject to the business plan approved by the board, appoint such persons as representations officers as may be necessary.

(2) No person may be appointed as a representations officer unless that person—

*(a)* holds a legal qualification and has proven expertise in the field of road traffic law; or
*(b)* holds a qualification in road traffic management and control approved by the board.

afwesigheid van die voorsitter 'n ander lid beoog in subartikel (1)*(a)* of *(b)* as waarnemende voorsitter verkies.

(10) Lede van die raad wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie, kan die vergoeding en toelaes betaal word wat deur die Minister, in oorleg met die Minister van Finansies, bepaal word.

**Werksaamhede van raad**

**7.** (1) Die werksaamhede van die raad is—

*(a)* om die besigheidsplan goed te keur wat ingevolge artikel 8(2) deur die registrateur opgestel is, en die doeltreffende en effektiewe werking van die agentskap te moniteer;

*(b)* om die sukses te moniteer wat deur die agentskap behaal word met die bevordering van nakoming van padverkeerswette;

*(c)* om jaarlikse verslae beoog in artikel 8(4) te ontvang, en om die registrateur te adviseer oor maatreëls wat getref moet word om die effektiwiteit van die agentskap te verbeter;

*(d)* om die Minister te adviseer oor wysigings aan hierdie Wet of enige ander padverkeerswetgewing ten einde die effektiwiteit van die agentskap te verbeter;

*(e)* om institusionele, tegniese en logistieke ondersteuning te identifiseer en aan te beveel wat die agentskap kan voorsien om die vervolging van padverkeersoortreders en die beregting van misdrywe deur die howe aan te help; en

*(f)* om enige ander aangeleentheid te oorweeg wat die raad raadsaam ag om die oogmerke van hierdie Wet te bereik.

(2) Die raad moet jaarliks 'n verslag oor die aktiwiteite van die agentskap aan die Minister voorlê, vir tertafellegging in die Parlement.

**Aanstelling van registrateur**

**8.** (1) Die lede van die raad bedoel in artikel 6(1)*(a)* en *(b)* moet 'n persoon met bewese kundigheid in korporatiewe en finansiële bestuur as die registrateur van die agentskap aanstel.

(2) Die registrateur hou toesig oor die werksaamhede van die agentskap ooreenkomstig 'n besigheidsplan wat deur die registrateur opgestel is en deur die raad goedgekeur is, en in die besonder—

*(a)* die doeltreffendheid van boete-invordering en ondersteunende administratiewe prosedures;

*(b)* die operasionele en organisatoriese werking van die agentskap; en

*(c)* die instelling van bestuurs- en operasionele verbeterings om die implementering van hierdie Wet aan te help.

(3) Die registrateur kan 'n werksaamheid beoog in subartikel (2) skriftelik aan 'n adjunkregistrateur of adjunkregistrateurs opdra.

(4) Die registrateur moet jaarliks 'n verslag oor die aktiwiteite en bedrywighede van die agentskap aan die raad voorlê.

**Aanstelling van adjunkregistrateurs**

**9.** (1) Die raad kan hoogstens vyf-en-twintig persone aanstel as adjunk-registrateurs.

(2) Niemand mag as 'n adjunkregistrateur aangestel word nie, tensy daardie persoon—

